# JEUGLES: ‘n Man na God se hart 2

# Leiers bring asb julle Bybels saam!!

## 1. PRAISE AND WORSHIP

## 2. INSTRUKSIES VIR DIE AAND

- Leiers sorg asb daar ‘n Bybel tussen elke 2 kinders in jou groep is.
- Elke groep gaan ‘n nommer kry wat die LEIER vashou. Wanneer die groep die antwoord het, dan steek die LEIER die nommer in die lug op.
- Ons sal kom hoor wat die antwoord is en dan ‘n punt gee vir die groep wat eerste die regte antwoord gee.
- Ek gaan ‘n teksvers op die bord gooi wat ALMAL opsoek.
- Sodra ALMAL reg is gaan ek die vraag op die bord gooi.
- Die groep wat eerste die antwoord het steek hulle nommer in die lug op (die LEIER asb).
- Daarna sal ons die regte antwoord op die bord gooi.
- Hierdie aand gaan dus in die vorm van ‘n vasvra wees met een of twee aktiwiteite tussen in vir afwisseling.

## 3. INLEIDING

Ons het verlede week na die eerste deel van Dawid se lewe gekyk, maar net soos met Moses is daar SO baie wat belangrik is dat ons nie alles in een aand kan doen nie. So ons gaan vanaand aan nadat Dawid koning geword het.

Vir die van julle wat nie verlede week hier was nie, of nie alles mooi kan onthou nie speel ek gou weer die video clip met die opsomming van Dawid se lewe tot op hierdie punt.

**Video clip**: https://youtu.be/OnNXbj6udy4

## 4. AKTIWITEIT 1: Maize

Voordat ons met die vasvra begin gaan ons gou die eeste aktiwiteit doen.

Kyk wie kan eerste vir Dawid se kroon by hom uitkry. As julle klaar is steek die leier julle nommer in die lug op.

## 5. VASVRA 1

Ek gaan teksverse en vrae gaan op die bord gooi. Moet asb NIE die antwoorde vir die kinders gee nie, laat hulle self die antwoorde kry.

## 6. AKTIWITEIT 2: Dot to Dot

Voordat ons met die volgende vasvra begin aan ons gou nog ‘n aktiwiteit doen.

Kyk wie kan eerste die dot to dot voltooi. As julle klaar is steek die leier julle nommer in die lug op.

## 7. VASVRA 2

Ek gaan teksverse en vrae gaan op die bord gooi. Moet asb NIE die antwoorde vir die kinders gee nie, laat hulle self die antwoorde kry.

## 8. AKTIWITEIT 3: Hidden Picture

Voordat ons met die laaste vasvra begin aan ons ‘n aktiwiteit doen.

KyK wie kan eerste al die hidden pictures kry. As julle klaar is steek die leier julle nommer in die lug op.

## 9. VASVRA 3

Ek gaan teksverse en vrae gaan op die bord gooi. Moet asb NIE die antwoorde vir die kinders gee nie, laat hulle self die antwoorde kry.

## 10. Sluit af met gebed

## Vasvra 1:

1. 2 Samuel 5:4
   Dawid was as ‘n jong seun as koning gesalf, hoe oud was hy toe hy koning geword het?

   **<u>Antwoord:</u>** 30 jaar oud

2. 1 Samuel 18:1
   Wie was Dawid se beste vriend gewees?

   **<u>Antwoord</u>**: Jonatan

3. Handelinge 13:22b
   Wat noem God vir Dawid?

   **<u>Antwoord:</u>** ‘n Man na Sy hart

4. 1 Konings 9:4
   Hoekom noem Hy hom so?

   **<u>Antwoord:</u>**
   Hy het opreg en met oorgawe voor God geleef.
   Hy het alles gedoen wat God hom beveel het.
   Hy het God se voorskrifte en bepalings nagekom

## Vasvra 2:

5. 2 Samuel 11:2-3
   Wie was die vrou wat Dawid by haar man gesteel het?

   **<u>Antwoord</u>**: Batseba

6. 2 Samuel 11:15
   Wat het hy met haar man laat doen?

   **<u>Antwoord</u>**: Hy het hom in ‘n plek op die slagveld gesit waar hy gesterf het

7. 2 Samuel 12:14
   Wat was sy straf daarvoor gewees?

   **<u>Antwoord</u>**: Die kind wat vir hom gebore is het gesterf.

8. 2 Samuel 12:14
   Hoekom het God hom hiermee gestraf?

   **<u>Antwoord</u>**: Deur dit wat hy gedoen het, het hy die vyande van die Here rede gegee om die Here se naam sleg te maak.

# Vasvra 3:

9. 2 Samuel 12:24
   Watter seun is in die plek van die een wat dood is gebore?

   **Antwoord:** Salomo

10. 2 Samuel 15:14
    Watter seun van Dawid wou hom laat doodmaak sodat hy koning kon word?

    **Antwoord:** Absalom

11. 2 Samuel 18:9 / 14
    Wat het met hom gebeur?

    **Antwoord**: Sy hare het in ‘n boom vasgehaak toe hy onder dit deugery het, en hy het aan sy hare in die boom bly hang. Een van Dawid se manne het hom toe met ‘n spies gaan doodmaak.


12. 1 Kronieke 22:8
    Hoekom wou God nie hê dat Dawid vir Hom ‘n tempel moes bou nie?

    **Antwoord**: Dawid het te veel bloed op die aarde laat vloei


13. Johannes 7:42
    Hoekom is Dawid so belangrik in die geskiedenis van die Bybel en van God?

**Antwoord**: Jesus is uit die nageslag van Dawid gebore

**AKTIWITEIT 1: Maize**



**AKTIWITEIT 2: Dot to dot**



**AKTIWITEIT 3: Hidden Picture**



